

**Siekes:**

Hannah du Plessis, Jumarie Froneman (Ané se kleindogter), Geoff Holland-Muter en Annica le Roux (ds Ernest en Dorette Horn se dogter).

**Bedroefdes:**

Louise en Arnold Janse van Vuuren en hulle geliefdes met die afsterwe van haar Moeder Hannie Botes.  
Haar gedenkdiens is Maandag 2 Augustus.  
Hermien en Johan Pietersen en hulle geliefdes met die afsterwe van haar vader Johan Gouws.  
Sy gedenkdiens was Vrydag 30 Julie.

**Junior Kategese:** In die binnehof na die erediens.

**Senior Kategese:** Gr7-Gr11 om 19:00-20:00 by Overkruin.

**Elektrisiën:** alle herstel en installasie werk.  
Kontak Ben 082 925 0746

**Was 'n Woef** mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontworming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies. **Linda 084 344 7993**

**CLE Finansiële Dienste FSP 12700** Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.  
**Carel Hollenbach 082 901 2441**

**R \$ £ € FSP 589**

Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd. **SA Batebestuur 012 567 7657**

**Nutsman:**

Hekmotors, elektriese heinings met sertifikate, oprig van motor afdakke, diens en herstel Berg- en padfietsse, ens.  
Fanie Weyers - 082 6527 819.  
Email: [fanieweyers36@gmail.com](mailto:fanieweyers36@gmail.com)

**GEBEDSBRIEF**

*Wonderboom Ned. Geref. Gemeente*

*1 Augustus 2021*

Besoek ons WEBTUISTE: [www.ngkwonderboom.co.za](http://www.ngkwonderboom.co.za)  
U kan ook hier ons eredienste aflaai.



Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met die lewende God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Dr Nelius Steyn 09:00	Hoe wys is jy? Die verskil tussen opinie, ervaring, kennis en wysheid...	<u>Efesiërs 4:13b</u> Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.
Dr Louis van Deventer	Tema en teks	sal aangekondig word.
Dr Nelius Steyn 18:00 Overkruin	<b>Geestelike volwassenheid:</b> Om groot te word is nie vir sussies nie!	<u>Efesiërs 4:13</u> So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.



**Bid** asseblief vir ons land en sy mense met al die sinlose geweld en buitery. Bid vir elkeen wat op watter manier ookal daardeur geraak word en dat ons as gelowiges God se vrede en liefde sal uitdra en uitleef.

**Jaarlikse Gholfdag:**  
Vanweë die huidige beperkings op sosiale byeenkomste is ons **Gholfdag aangeskuif na Dinsdag 7 September** by Wingate Park. Kontak Nnette asb. 082 829 2062 indien u gholff speel of van iemand weet wat speel.

**Jakaranda Huis 17**  
sê uit hulle harte dankie vir al die donasies wat ontvang is, sodat ons vir hulle nuwe beddegoed kon aankoop. Ons kon vir hulle lakens, kussings, slope en komberse (*comforters*) aankaf. Nogmaals dankie!!!

## Liefdesgawes

Dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee.

U kan u dankoffer EFT of skandeer of in 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede is: NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville Tak 632005.

### CORONA GEBED:

Bid vir ons land en wêreld: Ons is op die oomblik in 'n hersiene fase 3 van inperking. Dit beteken dat vyftig mense die erediensste kan bywoon. Dit word steeds aanlyn ook uitgesaai..

198 323 145 mense het wêreldwyd die virus gekry. 179 147 394 (90,33%) het gesond geword en 4 229 777 (2,13%) gesterf. Daar is al 2 197 539 477 [28.17%] wêreldwyd inge-ent. In Suid-Afrika het 2 435 036 mense dit gekry, 71 679 (2,94%) het gesterf en 2 207 960 (90.67%) gesond geword. Daar is reeds 7 297 912 (12%) mense inge-ent. (Stats Sat 31/07/2021 om 21:30 @ Covid Visualizer).

## 'n Boodskap van die moderator van die Algemene Sinode

Ds Nelis Janse van Rensburg het vandeeweek in 'n boodskap aan lidmate gereageer op "gerugte dat die NG Kerk in haar belydenis wankel". Hy meen daar is 'n globale tydsgees van weerstand teen gesag – ook teenoor kerklike gesag. "In daardie denkrumte word daar agterdog gesaai en word die man gespeel," sê die moderator van die Algemene Sinode in 'n kort video-boodskap (5 minute, 19 sekondes) wat aan *Kerkbode* verskaf is. "Die waarheid is dat ons in ons besluite in die sinode en in ons besluite in ons kerkraade, ernstig is oor ons belydenis en besluit vir besluit uitdrukking gee daaraan dat ons staan in die tradisie waarin ons staan."

Van Rensburg sê: "Die afgelope tyd is daar gerugte in die NG Kerk versprei, en van buite die NG Kerk, dat ons in ons belydenis wankel. Dit is nie waar nie. Die waarheid is dat die NG Kerk 'n belydeniskerk is. Dat ons 'n kerk is wat staan in 'n lang gereformeerde tradisie. Dit is 'n dinktradisie. Dit is 'n tradisie waarin ons ons rasonele vermoë baie ernstig neem en daarom dink oor moeilike kwessies. Maar ons staan binne ons belydenis. Ons bely Sondag na Sondag op ons kansels die Twaalf Artikels of die Apostoliese Geloofsbelydenis ... dit is 'n belydenis wat oor eeue kom. "Ons glo in 'n lewende Christus wat tussen ons leef deur sy Gees wat in ons woon, en so die kerk tot stand bring, sê die Twaalf Artikels. Ons glo in die opstanding van die liggaam. Ons glo in die ewige lewe. Ons glo in gebed, ons glo in die krag van gebed." **Gaan kyk gerus na die video: [NG Kerk staan binne haar belydenis - Nelis Janse van Rensburg - YouTube](https://www.youtube.com/watch?v=MR_nbuo2PnM&t=44s)** of [https://www.youtube.com/watch?v=MR\\_nbuo2PnM&t=44s](https://www.youtube.com/watch?v=MR_nbuo2PnM&t=44s)